

# BELASTING OP SUIKERVERSOETEKOELEDNANKE

## Wat is Belasting op Suikerversoetekoeldranke?

Die Belasting op Suikerversoetekoeldranke (SBL) is 'n nuwe gesondheidsbevorderingsheffing ter ondersteuning van die Departement van Gesondheid se lewerings om suikersiekte, vetsug en ander verwante siektes in Suid-Afrika te laat afneem.

SBL is deur die Minister van Finansies aangekondig in die Februarie 2016 Nasionale Begroting en is deel van die [Tariewe en Monetêre Bedrae en Wysiging van Wetsontwerp op Inkomstewette, 2017](#).

SBL sal deur SARS geadministreer en ingevorder word.

## Wanneer sal dit in werking gestel word?

SBL sal vanaf 1 April 2018 in werking tree.

Ander sleutel-datums en mylpale is:

Datum	Mylpaal
16 Maart 2018	Lisensiëring en registrasie moet voltooi wees
Vanaf Maart 2018	Inligtingstoere met handelaars en belanghebbendes
26 Oktober 2017	<a href="#">Konsep wysigingsreël vir die reëls van Hoofstuk VB van die wet ten opsigte van gesondheidsbevorderingsheffing-goedere</a> gepubliseer vir kommentaar
10 November 2017	<a href="#">Konsep wysigingsreël - Gesondheidsbevorderingsheffing op suikerversoetekoeldranke</a> en die <a href="#">voltooiingsnotas vir die belasting op suikerversoetekoeldranke opgawe</a> gepubliseer vir kommentaar
10 November 2017	<a href="#">Vorm DA 179</a> (Gesondheidsbevorderingsheffing vir suikerversoetekoeldranke) en <a href="#">Vorm DA 185.4B2</a> (Lisensiëring Kliënt Tipe 4B2 - Vervaardigingspakhuis) gepubliseer vir kommentaar

## Wanneer vind die inligtingstoere plaas?

Hierdie sessies sal twee ure verloop en koffie/tee sal verskaf word. Die plekbesonderhede sal met bevestiging bekend gemaak word.

Datum	Sessie
1 Maart 2018	Johannesburg - <a href="#">Klik hier om vir die sessie te bespreek</a>
2 Maart 2018	Pretoria - <a href="#">Klik hier om vir die sessie te bespreek</a>
5 Maart 2018	Kaapstad - <a href="#">Klik hier om vir die sessie te bespreek</a>
6 Maart 2018	Port Elizabeth - <a href="#">Klik hier om vir die sessie te bespreek</a>
7 Maart 2018	Oos-Londen - <a href="#">Klik hier om vir die sessie te bespreek</a>
8 Maart 2018	Durban - <a href="#">Klik hier om vir die sessie te bespreek</a>

## Hoe sal SBL werk?

SBL sal as volg bereken word:

- Die koers is vas op 2.1 persent per gram van die suikerinhoud wat vier gram per 100 ml oorskry. Die eerste vier gram per 100 ml is heffingvry;
- SBL sal betaal word bykomend tot enige ander Doeane en Aksynsheffing betaalbaar en invoere sal nie op afsonderlike inklaringsbriewe verklaar word nie;

- Suikerinhoud beteken beide die intrinsieke en bygevoegde suiker en ander versoetingstowwe;
- Suikerinhoud sal bereken word op:
  - Die suikerinhoud soos gesertifiseer op 'n erkende toetsverlag van 'n toetsfasiliteit wat deur SANAS of ILAC gemagtig is;
  - In die afwesigheid van sodanige geldige toetsverslag, word 'n geagte suikerinhoud van 20 gram per 100 ml aangeneem.
- Vir poeier- en vloeistofkonsentrate sal suikerinhoud bereken word op die totale volume van die voorbereide drankie.

## Wie sal aanspreeklik wees vir die betaling van SBL?

Alle goedere, soos vermeld in die Bylaag nr. 1 Deel 7, Artikel A, wat ingevoer word of in Suid-Afrika vervaardig word, sal aan die betaling van SBL onderworpe wees, spesifiek:

- Geïdentifiseerde ingevoerde produkte sal belas word wanneer ingeklaar vir tuisverbruik en
- Plaaslik-vervaardigde produkte sal by die bron belas word.

Neem asseblief kennis dat SBL 'n binnelandse verbruiksbelasting is en daarom nie betaalbaar is op suikerversoetekoeldranke wat uitgevoer word of wat geprosesseer word in die vervaardiging van ander hefbare goedere nie.

## Hoe sal SBL betaal word?

SBL-opgawes kan ingedien en betaal word deur:

- [eFiling](#) of
- [Doeane & Aksynstakke](#).

Gelisensieerde vervaardigers moet die SBL binne 30 dae, na die einde van die boektydperk van 'n kalendermaand, verklaar en betaal. Betaling moet geskied nie later as die tweede laaste werksdag van die maand voor 15:00 vir betalings per hand en voor 24:00 vir elektroniese betalings nie.

**Top wenk:** Indien jy nog nie vir eFiling geregistreer is nie, registreer asseblief so gou as moontlik, [klik hier om te registreer](#).

## Wat sal volgende gebeur?

SARS sal alle belanghebbendes na landswye inligtingstoere nooi wat in Februarie 2018 sal begin. Die registrasie- en lisensiëringsproses sal met die inligtingstoere, direkte kommunikasie en hierdie webblad bekend gemaak word.

Hou asseblief hierdie webblad dop vir inligtingstoerdatums, inligtingstoervoorleggings, gereelde vrae en meer.

## Benodig jy hulp?

Indien jy enige vrae het:

- Stuur gerus jou vrae aan [SugarLevy@sars.gov.za](mailto:SugarLevy@sars.gov.za) of
- Skakel on kontaksentrum by 0800 00 7277 of
- Besoek jou naaste [Doeane & Aksynstak](#).